**PUKKE!**
vir al u kleurbaadjies
**Johan Claassen Broers**
(EDMS.) BPK.
Tel. 3612
POTCHEFSTROOM
Tak: Tomstraat 90c

**die WAPAD**

*Amptelike studentekoerant van die P.U. vir C.H.O.* *In U lig sien ons die lig.*

J. Heidema
**Kerkstraat 48**
DIE MEES GEËERDE NAAM IN FIETSRY

JAARGANG XXIV — VRYDAG 27 JUNIE 1969 — NR. 10

# Puk-leeu kou Pote

**Aandag kopieregbiblioteke:**

**Erratum: Weens 'n fout in die numering het daar nie 'n uitgawe Jaargang XXIV No. 1 van Die Wapad verskyn nie.**

## Aanmoediging uitstekend

**DIE PUKMASSA het Woensdagmiddag gesorg dat die Pote stert tussen die bene huis toe gestuur is met 'n eindtelling van 12—9 in 'n spannende wedstryd. Die twyfel en onsekerheid na die twee voorwedstryde het die spanning tot breekpunt gevoer op die pawiljoen. Die toejuiging van die Pote vir hulle Swartspan was ietwat luider as dié van die Pukke toe die twee spanne op die veld draf. Dit was egter die Pote wat met die baadjie onder die arm van Olënpark af moes wegsluip.**

Daar was net geen keer aan die begeesterde Theosspan nie. In die eerste helfte moes hulle telkens agter hulle eie pale gaan staan vir oortredings, maar die Pote se skopskoen het hulle in die steek gelaat en dit was Bertie Fourie wat met die eerste strafskop vir die Puk geslaag het van net buite sy eie halfgebied. Kort hierna spat 'n losbal uit die lynstaan uit en Hannes van Rensburg dribbel die bal langs die kantlyn af en val net voor Tian Coetzee oor die doellyn. Die telling is drie elk. Die Pote slaag met 'n strafskop en die telling bly 6—3 tot rustyd. Piet Roodt maak die telling gelyk op met 'n skepskop wat netnet links van die regter regoppaal verbyskuur. Henk Coetzee dryf die Theos met hoë skoppe tot op die doellyn van Pote en Tiny van Eck rank soos 'n wafferse slot in die lynstaan en val oor vir 'n drie in die hoek. Piet Bruwer kon nie slaag om te vervyf nie. Pote het terug geveg en 'n swak aangee, wat agter Piet Roodt verbygaan, loop uit op 'n drie vir Pote. Hulle skop mis en die telling is 9—9.

Met hoë skoppe op die verboue reerde heelagter van Pote pen Puk hulle hierna vas op die doellyn. Henk laat loop vir Ibert op die steelkant en met spoed en krag sleep Ibert sy teenstander oor in die hoek vir 'n pragdrie. Hierna slaag die Pukspan so hittete nog met twee drieë.

Die oorwinning van die Pukke is grootliks te danke aan die goeie leiding en voorbeeld van hulle kaptein, Jim van Rensburg, sowel as aan die afrigter, mnr. Bird. Ook aan die Pukmassa wat vir die eerste keer in 'n lang tyd die Pote op die pawiljoen oorskadu het in getal, geesdrif en gedrag, het die Theos baie te danke.

Uitblinkers was Tiny van Eck en Sias Willemse, wat die meeste balle in die lynstane bemeester het en Dawid van Aswegen, wat meer as sy beste gelewer het in die vaste spel. Ferdie Postma het gesorg dat die agterlyn genoeg van die bal te siene gekry het. Jim van Rensburg, Basjan Reynard en Cor Marx was die hele veld vol en het enige Poot 'n hoofpyn sowel as 'n paar kneusplekke besorg. Piet Roodt het goed vertoon vir 'n jong losskakel en het sy agterlyn mooi glad weggestuur. Fires van Vuuren en Bertie Fourie het hulle werk uitmuntend verrig en 'n breekslag van Fires het amper op 'n verdere drie uitgeloop. Die vleuels, Ibert Joubert en Tian Coetzee, het mooi gehardloop, goed opgevolg en dodelik verdedig.

### Daar he'jy dit



*Te min koppies in Sentrale Eetsaal . . .*

*Mnr. L. J. Suzman in gesprek met Jan Erasmus (links), voorsitter van Korps en die ondervoorsitter, Johan Snyman, kort voor sy voordrag „The Justification of Protest". (Lees berig (op bladsy 2). (Foto: Fotokuns).*



## Ware volksleier kom uit die volk

**„DIE AFRIKANER moet dankbaar wees vir die kaliber volksleier wat sy volk opgelewer het", is die mening van dr. A. P. Treurnicht. Dr. Treurnicht, redakteur van „Hoofstad", het die elfde Junie 'n P.N.B.-vergadering oor „Die ideale volksleier" toegespreek.**



— DR. TREURNICHT

Hy het dit beklemtoon dat enige briljante persoon nie 'n volksleier kan wees nie. Die volksleier behoort in die eerste instansie tot die volk. Hy is dit deur direkte afstamming, of hy is 'n toevoeging van buite wat ingegroei het in die volk, soos in die geval van wyle dr. H. F. Verwoerd. Hy is nie alleen bewus van die stukrag van sy volk se ideale nie, maar hy is inderdaad die stukrag self.

Sonder die gegrondheid in sy volk se tradisie kan die briljante persoon dikwels gevaarlik in die rol van volksleier wees. Die volksleier is nie die rewolusionêre aftakelaar van die tradisie nie, hy is juis die beskermer daarvan omdat hy die produk van sy volksgeskiedenis is.

Hy praat by uitstek die taal vàn die volk mèt die volk . . . letterlik en figuurlik. Elke ware leier van 'n volk is die handhawer van daardie volk se volkstaal. Die volksleier gaan sy volk voor in sy vaderlandsliefde en sy drang om vry te wees van vreemde heerskappy. Ook in die godsdiens gaan hy sy volk voor. Die godsdiens is immers die behoudende faktor in die volk. Reeds dr. D. F. Malan het beweer dat die beskaafde heidendom die kiem van verrotting in hom omdra.

Die ware volksleier het ook 'n bepaalde selfloosheid. Hy is nie die nastrewer van persoonlike ideale nie. Sy roeping is juis om diensbaar te wees aan die volksroeping. Hy meet dan ook hierdie volksroeping aan die Godsdoel met sy volk.

Die volksleier is ook nie bloot die willose slaaf en naprater van die volkswil nie. Hy is die weerkaatser en die interpreteerder van sy volk se tradisie. Sy profetiese blik stel hom in staat om die uitdagings van 'n era te interpreteer, die mikpunt te bepaal en die weg daarheen vir sy volk aan te wys.

Ten slotte, sê dr. Treurnicht dat die ideale volksleier homself moet vergeet. Sy persoon en sy strategie moet duidelik en buigsaam wees. Hy sien nie slegs vergesigte nie, maar is ook die aansporing van sy volk tot die daadwerklike oplossing van aktuele probleme. Hy beskik oor genoeg visie om opkomende leiers raak te sien en verantwoordelikheid aan hulle oor te dra.

## KANSELIER WORD PRESIDENT VAN SENAAT

**SEN. JAN DE KLERK (66), Minister van Nasionale Opvoeding en sedert 1961 Kanselier van die P.U., is op Vrydag 6 Junie eenparig verkies tot President van die Senaat na die afsterwe van sen. Tom Naudé.**

Die onlangse vervulling van sy strewe om die onderwys op nasionale grondslag te organiseer was vir hom die hoogtepunt van sy lang loopbaan as Kabinetsminister.

'n Eredoktersgraad in Regte is op 9 April 1960 deur die Raad van sy Alma Mater, die P.U., aan hom toegeken.

Johannes de Klerk, wat op 22 Julie 1903 op Burgersdorp gebore is, het sy skoolopleiding ook op Potchefstroom ontvang.

Gedurende sy derde B.A.-jaar en sy H.O.D.-jaar in 1925 en 1926 onderskeidelik, is hy as gevolg van sy uitnemende leierskap tot Studenteraadsvoorsitter verkies.

In 1927 is hy met die dogter van mnr. F. W. Coetzer (later senator) getroud. Uit die huwelik is twee seuns gebore, wat albei aan die P.U. studeer het. Een, prof. W. J. de Klerk, is tans hier dosent.

Vanaf 1947 was hy sekretaris van die Herenigde Nasionale Party van die Witwatersrand totdat hy in Augustus 1948 hoofsekretaris van die Nasionale Party van Transvaal word.

In Maart 1949 word hy verkies tot lid van die Provinsiale Raad in Transvaal en dadelik tot lid van die Uitvoerende Komitee van hierdie Raad. In Desember 1954 word hy lid van die Strydomkabinet as Minister van Arbeid en Volksgesondheid en ook lid van die Senaat.



*Senator J. de Klerk, Kanselier van die P.U., en President van die Senaat. (Foto: Fotokuns)*

Gedurende sy byna vyftien jaar as Minister het hy in beheer van altesaam sewe portefeuljes gestaan. Een maatreël, die Nywerheidsversoeningswet van 1956, wat hy deurgevoer het, hou nog die rekord vir die tyd wat daaraan afgestaan is vir bespreking — tagtig uur.

## Argitektuurstudente op Wits rebels

DIE VERENIGING van argitektuurstudente van die Universiteit van die Witwatersrand het in openlike opstand teen die dosente van hulle fakulteit gekom weens ontevredenheid wat in die afgelope paar weke geheers het. Hierdie situasie het in Mei aan die lig gekom toe die tweedejaarstudente geweier het om sekere lesings by te woon.

**BULT-APTEEK**
ONS SPESIALISEER IN
★ POTTEBAKKERY
★ GESKENKE
★ JUWELE
★ KOPERWARE
AFLEWERING ORAL OP DIE KAMPUS
Tomstraat 88b & c
Foon 5943, 3377

# *Studenteraadsvoorsitter aan die woord*

**Konstitusies**

Die meeste van die Studenteraad se aandag word op die oomblik in beslag geneem deur die afhandeling van die konstitusie van die studenteraad, sowel as die konstitusies van al die hoofliggame. Die reglemente wat nodig is om die studentelewe op georganiseerde vlak heg en stewig te fundeer en die funksionering glad te laat verloop, geniet ook aandag. Die Studenteraad hoop om hierdie saak voor die einde van die kwartaal af te handel. Vroeg in volgende kwartaal sal die konstitusie van die studenteraad op 'n massavergadering bespreek word, waarna die Raad van die Universiteit ook die konstitusie moet goedkeur.

**A.S.B.-kongres**

'n Ander baie belangrike saak in hierdie tyd is die A.S.B.-kongres in Pretoria wat van die eerste tot die vyfde Julie sal duur. Op die kongres is ook tyd ingeruim vir 'n studenteraadskonferensie waarop die verteenwoordigende studenterade die geleentheid sal kry om oor sake van gemeenskaplike belang te gesels. Die kongres, wat saamval met die mondigwording van die A.S.B beloof om baie interessant, asook aangenaam te wees.

Verder is daar op 'n onlangsgehoue A.S.B.-komiteevergadering bespreking gevoer oor die probleem om die A.S.B. en die plaaslike werksaamhede meer onder die studente se aandag te bring. Daar het blykbaar in hierdie verband 'n leemte ontstaan, deurdat die plaaslike A.S.B.-werksaamhede deur die verskillende hoofliggame behartig word. Die hele saak is verwys na 'n kommissie wat met aanbevelings en riglyne vir die toekoms moet kom. — C. F. C. Coetzee.


A. VORSTER APTEEK

Octron-gebou

Lombardstraat

VIR VINNIGE AFLEWERING

SKAKEL 7074



PARADISE RESTAURANT

- Dié kafee op Die Bult . . .
- dié kafee waar studente hul koeldrankie drink,
- EN SNOEKER SPEEL!

BESTELLINGS VAN DAMESKOSHUISE WORD AFGELEWER

Tomstraat 86 Tel. 5474



U het volop keuse in ons groot verskeidenheid

★ BOEKE VIR STUDIE EN ONTSPANNING

Nou OOK

'n wye keuse vir

★ PLATE

by

PRO REGE-PERS BEPERK

„DIE POTCHEFSTROOMSE BOEKHANDEL"

Tomstraat — Telefoon 3421 — Potchefstroom.


## WITSDOSENT IMPONEER:

# PROTES REG; BETOGINGS IS ONEFFEKTIEF

**„WAAR DAAR 'n reg is om te straf, is daar 'n reg om te protesteer", het mnr. L. J. Suzman, departementshoof van wysbegeerte aan die Universiteit van die Witwatersrand verlede week op 'n Korpsvergadering gesê. Hy het voor 'n groot en geesdriftige gehoor oor die regverdiging van protes gepraat.**

Mnr. Suzman het in sy filosofiese benadering tot hierdie onderwerp sy betoog gebaseer op 'n skerp analogie tussen protes en straf. Die rede waarom 'n persoon gestraf word, is omdat hy iets verkeerd gedoen het. Die rede vir protes, daarenteen, is die verkeerde dade van die owerheid. Hieruit maak die spreker die belangrike gevolgtrekking dat protes geregverdig is omdat straf intrinsiek geregverdig is waar 'n owerheid ingestel is.

Mnr. Suzman het egter benadruk dat mense sommige van hulle aktiwiteite as 'n protes beskou om dit te regverdig. Inderwaarheid verdien daardie dade nie die naam van protes nie.

Suiwer protes is 'n vrywillige disassosiasie van 'n bepaalde saak. Hierdie disassosiasie moet egter verbind word aan daardie feite met wie 'n mens geassosieer word.

Die gebruikmaking van geweld, of om aanleiding daartoe te gee, kan nie as protes beskou word nie. Dit is onvanpas in soverre as wat protes 'n deel van die demokratiese instelling is. „Sit-ins en ontwrigting mag baie effektief wees vir hulle nuuswaarde maar die regverdiging daarvoor ontbreek", het hy bygevoeg.

Mnr. Suzman het die waarde van betogings met die oog op inligting oor 'n standpunt in twyfel getrek. Die redes in die protes moet in 'n neutedop weergegee word en dit is te betwyfel of dit effektief deur middel van betogings gedoen kan word. Word die aandag meer op die medium gevestig, as op die boodskap, is hierdie soort van protes nie meer geregverdig nie.

By protes met die oog op opvoeding, bestaan die gevaar dat dit beskou kan word as 'n uitdaging van die owerheid. Sodra dit gebeur, is hierdie soort protes nie meer op 'n besondere saak gerig nie en reaksie van die owerheid kan verwag word.

Waardige proteste het nie soveel nuuswaarde as diè wat met geweld gepaard gaan nie. Maar in die laasgenoemde geval word die aandag op die daad gevestig en nie op die kommunikasie wat daar moet wees nie: „En die gewelddadige opdringing van 'n standpunt op andere is net so verfoeilik in die geval van 'n minderheid as in die geval van 'n meerderheid", het mnr. Suzman gesê.

Die Korps-bestuur verdien 'n pluimpie met die keuse van die spreker. Die warm applous wat mnr. Suzman ontvang het, toon aan dat die Pukke 'n prikkelende spreker kan waardeer.

# A.S.B. – NIE-BLANKE KONTAK?

**OP 'N KONFERENSIE van die A.S.B.-besture van U.P.E. en U.O.V.S. is die probleme in verband met kontak tussen die A.S.B. en die nie-blanke universiteite bespreek. Afgevaardigdes het gevoel dat, indien die A.S.B. wel kontak met die betrokke universiteit wil maak, dit met die grootste versigtigheid gedoen sal moet word.**

Mnr. Christo Landman, direkteur van Afrika-aangeleenthede op die A.S.B.-hoofestuur, het die probleme van skakeling soos volg geskets:

- Nie-blanke universiteite is ver van mekaar geleë en moeilik bereikbaar.
- Watter taalmedium moet gebruik word op so 'n konferensie?
- Op hoedanige sosiale vlak moet verkeer word tydens sulke konferensies?
- Wat moet die aard van die besprekings wees?

Mnr. Landman het verder daarop gewys dat die A.S.B. veel meer kan bereik deur indirekte kontak, soos deur byvoorbeeld inligtingspamflette op te stel in Bantoetale.

# WAPADLANGS

DEUR SWEEPSLAG

## Waarom konfereer met Bantoestudente?

IN DIE jongste tyd slaan daar plek-plek in die Afrikaanse studentegeledere 'n neiging uit om toenadering te soek tot nie-blanke studente. Wat sou die motief wees vir 'n studenteraad of nasionale studenteliggaam om te gaan samesprekings voer met Bantoestudente op Turfloop, Fort Hare of in Zoeloeland?

Dit is moeilik genoeg in Suid-Afrika om samewerking te verkry tussen studente wat verskillende volkere verteenwoordig en selfs toenemend moeilik om eensgesindheid binne Afrikaanse studentegeledere te behou. 'n Positiewe argument vir inter-rasse studenteskakeling sou wees dat die hoogs problematiese aard van hul strewe, nie ter afskrikking hoef te dien nie. Goed genoeg. Maar word daar gevra na die *nodigheid* van skakeling met nie-blanke studente?

Iets word in hierdie strewe misgekyk, en dit is analoog aan 'n ander *American Peace Corps*-agtige neiging om in die landerye, kantore en hospitale van die Bantoestans te wil gaan neuk om sodoende „'n bydrae tot die bevordering van aparte ontwikkeling te maak". Dit is 'n implikatiewe mosie van wantroue in die Regering se hantering van aparte ontwikkeling (miskien 'n geregverdigde mosie, maar nie op grond van te min blanke raadgewers wat van regeringsweë aan die tuislande beskikbaar gestel word nie).

Die miskende „iets" in hierdie gevalle is die werklike behoefte wat by studente ten opsigte van ons rassevraagstuk bestaan, nl: *eie opvoeding*.

Die meeste Afrikaanse studente „stem volkome saam" met die huidige kleurbeleid, maar weet selde wat dit inhou en wat die konsekwensies daarvan is. Intussen geniet almal die ekonomiese welvaart wat op Bantoe-arbeid berus, asook die persoonlike gerief wat die bediendeskap van die Bantoes teweegbring — sonder om hulself te oriënteer ten opsigte van tye wat hopelik kom, wanneer ons en ons ekonomie sonder (of ten minste met baie minder) nie-blanke arbeid sal moet klaarkom.

- Die blanke student se taak ten
- opsigte van ons kleurvraagstuk
- lê by homself en nie by kon-
- ferensiepraatjies met die intel-
- lektueel-vyandige studenterade
- van die Bantoe-universiteitsin-
- rigtings, of by *Peace Corps*-ge-
- skoffel in die Bantoestans nie.

Mag dit onwaar wees dat dié neigings by ons studente nie 'n aanduiding is van die welbekende V.S.A.-tipe skuldgevoel teenoor die veel-pigmentiges weens vroeëre tirannisering nie. Mag ons gespaar bly van so 'n massa-sielkundige afwyking.

In 1885 behaal Stephanus Postma die B.A.-graad met lof en kom eerste in die land met die hoogste punte.

# Voornemende ingenieurs moet ligloop

EERSTEJAARSTUDENTE wat industriële chemie neem en hoop om volgende jaar op U.P. aan te gaan met B.Sc. (Ing.), kan hulle vasloop, aangesien daar haakplekkies is.

Die jaarboek gee aan dat die eerstejaarkursus vir industriële chemie erken word aan U.P. as gelykstaande aan die eerstejaarskursus vir B.Sc. (Ing.). Die groot moeilikheid is egter wiskunde — dit was al die oorsaak dat 'n paar uiters belowende voornemende studente die ingenieurskursus aan U.P. gestaak het en verder gegaan het met suiwer B.Sc. of industriële chemie.

Volgens mnr. J. T. D. Fritz, 'n ingenieurstudent aan U.P. en 'n oud-Puk, is die wiskunde (ing.) wat aan U.P. gevolg word, meer gerig op die vereistes wat die ingenieurs-praktyk aan die ingenieur stel. Vroeg in die jaar word daar al begin met differensiasie en integrasie, terwyl dit nie die geval is met wiskunde aan die P.U. nie.

As die betrokke studente dit vooraf weet, kon hulle die agterstallige wiskunde met behulp van eerstejaarslesings en handboeke gedurende die vakansie self bestudeer het. Indien nie, is dit feitlik onmoontlik om voort te gaan met die Ingenieurskursus op U.P., sê mnr. Fritz.

Twee ander probleme is die tekentegniek en die gebruik van die rekenliniaal, oftewel „guessing stick" wat aangeleer moet word, miskien deur die eerste paar tekenklasse van die eerstejaars op U.P. by te woon.

# AFRIKAANS GEEN PLEK

DIE KREET „verban hulle!" kom voor in 'n vlugskrif van die „Students' Political Forum" van Wits wat die jongste tyd verskyn het. In die vlugskrif word gevra waarom dit toegelaat word dat 'n draer van Afrikaner-nasionalisme soos die Konserwatiewe Klub op die kampus bestaan. Die skrywer stel voor: „Let us ban it from Wits!" Daar word ook voorgestel dat Afrikaans, in watter vorm ook al, geen plek op die kampus gegun moet word nie.

Gedurende die Anglo-Boereoorlog sneuwel vyf oud-studente en studente van die P.U., wat in 1906 deur die Gloria Victis-monument voor die Teologiese Skool vereer word.

# DIE TOONTJIES IS SEER



# Walvisbaai na Beira - per fiets - of bars!

**TWEE PUKKE WIL tydens die Julie-vakansie gemiddeld 150 myl per dag aflê — met 'n dubbelfiets. Dié twee, Kal Landsberg en Leon Wessels, beplan om in 22 dae die afstand van 2700 myl van Walvisbaai tot in Beira af te lê.**

Hulle het 'n dubbelfiets laat maak deur 'n bekende fietsmaatskappy, en hoop om deur een of ander instansie geborg te word.

Die fiets word per trein na Walvisbaai gestuur, vanwaar hulle op 6 Julie sal vertrek. Op 5 Julie vertrek hulle per vliegtuig vanaf Jan Smuts-lughawe na Walvisbaai. Hulle hoop om op 15 Julie in Johannesburg aan te kom, en dan op 27 Julie weer in Salisbury vanaf Beira.

Die twee avontuurlustiges beplan om sowat 10 ure per dag te ry. Die fiets is „Snoopy" gedoop, na aanleiding van die kannie-dood maantuigie van die Appollo-manne, wat nou op pad is son toe. (Die Transvaler, 26 Mei.)

Leon en Kal sê hulle weet nie of so 'n afstand al in so 'n kort tydjie voorheen in Suid-Afrika afgelê is nie. Talle mense het hulle al afgeraai, maar hulle is vasbeslote.

Hulle sal baie fiks moet wees om dit met 'n dubbelfiets reg te kry, en hulle oefen reeds elke dag om lang afstande met die fiets af te lê. Die manne benader die saak nie as speletjies nie, maar as 'n uitdaging vir hulle deursettingsvermoë.



LEON EN KAL HARD BESIG OM TE OEFEN VIR HUL MARATHON-REIS.

*(Foto: Du Preez Martins)*

## VERTREK OORSEE



*(Foto: Fotokuns)*

*Mev. E. Coertse, hoof van die departement verpleegkunde van die Potchefstroomse Universiteit, wat Donderdag saam met 'n groep van agt vroue op 'n uitgebreide oorsese toer vertrek het. Die groep, almal verpleegkundiges, staan onder leiding van die hoof van die departement verpleegkunde aan die Universiteit van Pretoria, prof. C. Searle.*

## GEEN MEDIESE FAKULTEIT VIR P.U.

**'N MATE VAN teleurstelling dat 'n mediese fakulteit nie aan die P.U. toegestaan is nie, is verlede week op Potchefstroom uitgespreek. Al drie mediese fakulteite wat toegestaan is, is aan universiteite in stede toegestaan.**

Dokters het hulle kommer uitgespreek oor die feit dat studente wat na 'n stedelike mediese skool gegaan het, nie maklik weer na die platteland terugkeer nie. Daar is tans 'n groot vraag na algemene praktisyns. Hoewel Bloemfontein in 'n mate plattelandse studente sal trek, is dit ook 'n stedelike universiteit. In dié opsig sou Potchefstroom die ideale universiteit gewees het.

Die Natalse Universiteit en R.A.U. is ook albei in stede. Volgens 'n ingeligte bron, is daar in die hospitale op Potchefstroom, Klerksdorp, en selfs in die mynhospitale op Stilfontein en Carletonville, nie genoeg gratis pasiënte om 'n mediese skool te regverdig nie. Byna alle mense in die gebied is lede van mediese bystandsskemas en dus private pasiënte. Selfs Bantoes wat in die myne werk, word as privaat pasiënte beskou.

'n Voordeel van die universiteit met 'n mediese fakulteit, is dat sekere navorsing onder die anatomiewet gedoen mag word wat andersins nie toegelaat word nie. Die P.U. is nie swakker daaraan toe omdat hy nie 'n mediese fakulteit gekry het nie. Dit is net 'n prestige fakulteit, het iemand opgemerk.

„Ten spyte van al die finansiële probleme, is die Puk in 1928 soos 'n besembos: hom doodkry is min."

## Fotografie herleef

'N MENS se oë is jou belangrikste sintuig, maar ongelukkig vergeet 'n mens dit wat jy waarneem so gou. Waarom dit nie op film vaslê nie?

Dit kan gedoen word deur by die fotografiese vereniging van die Puk aan te sluit. Die vereniging het 'n donkerkamer vol apparaat beskikbaar, asook 'n kamera vir lede. Hier word raad gegee en gekritiseer sodat die standaard van lede se foto's verhoog kan word.

Besonderhede in verband met vergaderings, kompetisies en skyfie-aande sal op die kennisgewingbord verskyn.

# DEUR MY LENS

DEUR REFLEKTOR

EEN keer was ek in 'n dorp, 'n dorp wat ruik na angeliere wat in die stof groei. Dit was in 'n barre landstreek, wyd en eensaam. Daar was 'n meisie by my en ons het in 'n kafee gaan sit waar die land se son deur die mense se eindelose gelatenheid gestraal het. Alles tussen die vier mure het gebaai in die geur van koffie. Buite was 'n amandelboom. Daar was die vae gewaarwording van katjiepiering êrens, net wanneer die wind loom geroer het in sy slaap.

Die meisie het gesels. Sy het fyn gepraat, soos 'n voëltjie murmel. En terwyl sy praat het ek haar aandagtig beskou. Sy het 'n eindeloosheid in haar gesprek vasgehou, dié klein dame. Sy het seë tussen haar vingers deur laat spoel, wind het haar hare getier. Ek kon donker wolke in haar oë sien kaats, somtyds reën, en daar was ook vir een moment die kantigheid van 'n ysberg. Sy was 'n vrou.

Buite in die son was haar oë skerp-blou soos die lug. „Sê my", het ek gevra, „sê my, Klein Meisie, wat is jou naam?" Sy het net gelag: argeloos en vol soos 'n blom wat breek.

Toe het ek gedink dat daar altyd iets moois was in naamloosheid, iets onpeilbaar waar, iets onberekenbaar en totaal buite bereik. Iets koud en verhewe. Iets waar jy baie na aan kan kom, maar waarmee jyself nooit kan vereenselwig nie, omdat jy dit nie kan noem nie. Dit is die wete van 'n ontoereikendheid in jouself, en meer nog: 'n soort vrees wat jou slu tart om versoening met elke onbekendheid wat nooit bekend gaan word nie.

Dit is jou eerste kennismaking met die dood. Want die dood is naamloos. Dit is die hoë muur waaroor die kind in sy jeugjare moet loop — voetjie vir voetjie. Dit is sy vreesdrome waarvoor hy geen naam kan bedink nie. Dit is rekenskap sonder rentmeesterskap. Dit is die wit hermelyntjie se bloedspoor oor 'n ganse ysvlakte. En dit is die madonnabeeldjie wat voor my voete aan duisend skerwe geval het, onherstelbaar gebreek. Dit is naamloosheid.

Eienaardig hoedat juis dít nou 'n groeiende bekoring vir 'n mens begin kry. (Want naamgewing was die mens se eerste taak, en naamgewing is dikwels singewing. Ons is tog ook veranker aan name, in 'n naam — en dit gaan bo die tyd uit.)

Hoe kom dit dan dat mens mettertyd begin losdrywe van name en ek voeter al na een bepaaldheid (onbepaaldheid?) dat mens ook nie meer lus het om argeloos met woorde te mors nie maar dit skaars te gebruik en nederig te word?

Want kyk na die blomme. Hulle het nie name nie. Hulle is ook naamloos, en hulle huil nie. Hulle huil nooit. Hulle kan nie huil nie. Hulle verdor net en breek.


# Van Voorpos tot Voorspoed met sonniger banksake...

Sedert sy stigting in 1862 het die Standard Bank baanbrekerswerk op die voorposte van ons land gedoen.

Waar goud en diamante ook al ontgin is, het die Standard dit gekoop, versend, verassureer en verkoop; werkende kapitaal aan die snelgroeiende mynboubedryf, boerdery en nywerhede voorsien, en kontant daargestel vir noodsaaklike aankope van verbruikersgoedere. Sodoende het sy bankdienste bygedra om orde, stabiliteit en voorspoed aan die gemeenskap te bring.

Ja, die Standard Bank se wortels het diep vasgegroei in ons landsekonomie. Hy het ontwikkel tot 'n staatmaker-bank wat vandag in elke uithoek van ons sonnige Suiderland sy medeburgers help deur sonniger banksake. En die Standard Bank gaan die toekoms tegemoet met vertroue in nog groter welvaart, geluk en welsyn vir sy land en sy mense.

**Op die Standard kan u staatmaak**

DIE STANDARD BANK VAN SUID-AFRIKA BEPERK

(Geregistreerde Handelsbank)

Meer as 800 kantore dwarsdeur die Republiek en S.W.A.



'n Argiteksvoorstelling van die Standard Bank se reusesentrum van R16 miljoen in Johannesburg.

Grant 214-140/1A

## AFSPRAKE

25 Junie: Kaas en wyn van Regsvereniging.
26 Junie: Die Overvaal Ensemble, aangebied deur die departement musiek in die Konservatoriumsaal om 8 nm.
27 Junie: Atlete vertrek oorsee.
28 Junie: Interkoshuiskonsert (A.B.K.K.).
1—5 Julie: 21e Kongres van die A.S.B. by U.P. — „Die Afrikanerstudent op weg".
1 Julie: Massa-intertee.


**Goue Weste Inry**

**Tel. 6437**

MAANDAG 23 tot SATERDAG 28 JUNIE
**FAR FROM THE MADDING CROWD**
Julie Christie, Peter Finch en Terence Stamp
(NET EEN VERTONING)

MAANDAG 30 JUNIE en DINSDAG 1 JULIE
**ARIZONA BUSHWHACKERS**
Howard Keel en Marilyn Maxwell

WOENSDAG 2 en DONDERDAG 3 JULIE
**LIVING IT UP**
Dean Martin en Jerry Lewis

**Potch Inry**

**Tel. 5307 of 6345 bedags**

MAANDAG 23 en DINSDAG 24, VRYDAG 27 en SATERDAG 28 JUNIE (EERSTE VERTONING)
**TAMMY AND THE MILLIONARE**
Debbie Watson en Denver Pyle

WOENSDAG 25 en DONDERDAG 26, VRYDAG 27 en SATERDAG 28 JUNIE (TWEEDE VERTONING)
**10.30 P.M. SUMMER**
Peter Finch en Melina Mercouri

MAANDAG 30 JUNIE en DINSDAG 1 JULIE
**HOW TO STEAL THE WORLD**
Robert Vaughn en Barry Sullivan

WOENSDAG 2 en DONDERDAG 3 JULIE
**THE SOLDIER**
Frazer Macintosh en Rade Markovic

**20th Century**

WOENSDAG 25 tot SATERDAG 28 JUNIE
**HOT MILLIONS**
Peter Ustinov en Maggie Smith

MAANDAG 30 JUNIE en DINSDAG 1 JULIE
**BAMBI**

WOENSDAG 2 JULIE
**THE PERILS OF PAULINE**
Pat Boone en Pamela Austin



**die WAPAD**

IN U LIG

VRYDAG 27 JUNIE 1969


# *Die konstitusiekrisis*

DAAR kan met sekerheid gesê word dat die P.U. se studentelewe tans roep om helder reglementering. Dit is om dié rede dat die studenteraad in diens van die studentelewe frustrerende nagte deur vergader om oor wysgerige en juridiese oorwegings te besin, ten einde met die „regte" grondwet (of konstitusie) en reglemente vorendag te kom.

Hierdie hele kwessie het 'n lang geskiedenis. Gesaghebbend word verneem dat daar 'n aantal jare gelede 'n studenteraadsdiktatuur op die P.U. in swang was. Ontevredenheid hiermee het geleidelik opgewel, totdat drie jaar gelede 'n kommissie uit die massa tot stand gekom het om die konstitusionele verhouding tussen die massa en die studenteraad te ondersoek. In 1967 het 'n uitmuntende verslag van die kommissie die lig gesien, wat feitlik onmiddellik gelei het tot die instelling van die P.N.B. en A.O.B. en tot die afskaffing van die A.S.B.-komitee as hoofliggaam van die studenteraad. Die gedagte was dat die studenteraad 'n belangebehartiger van die P.U.-student moet wees en nie soos op Stellenbosch 'n suiwer verteenwoordigende liggaam van die „studente-unie" nie.

Sedert die kommissieverslag verskyn het, is om onverstaanbare redes gesloer met die daarstel van 'n behoorlike konstitusie vir die studenteraad — alternatiewelik 'n grondwet vir die „studentegemeenskap", en dit is verblydend om te verneem dat uitsluitsel oor die aangeleentheid in vooruitsig is.

Wat besef moet word, is dat nòg 'n diktatuur van die studenteraad, nòg 'n diktatuur van die studentegemeenskap regverdigbaar is. Verder moet besef word dat die studenteraad 'n mobiele belangebehartiger moet wees wat sy werk ordelik moet kan doen, sonder om deur massamening van bakboord na stuurboord rondgeslinger te word. Die massa (en selfs buitestaanders) het wel nog altyd die bevoegdheid om by die Universiteitsraad teen die studenteraad te kla, want die studenteraad word alleen erken solank dit die Raad behaag. Verder is die studenteraad moreel verplig om in sy optrede die massa te ken.

Die studentegemeenskap stel by die stembus die studenteraad daar as sy belangebehartiger, maar het egter geen bevoegdheid ter afsetting daarvan nie, skynbaar selfs nie as die studenteraad buite sy konstitusionele bevoegdhede optree, of sy grondwet (konstitusie) wysig nie. Of sulke omvattende onmag van die studentegemeenskap gesond is, is te betwyfel.


## REDAKSIE

Hoofredakteur Francois Venter — tel. 2050
Subredakteur: Dirk Laufs — tel. 4638
Subredaktrise: Martie Kruger — tel. 8039
Nuusredakteur: Lourens du Plessis — tel. 2030
Politieke redakteur: Dawie Swanepoel —
Kunsredaktrise: Joan Crafford — tel. 2071
Sportredakteur: Johan Preller — tel. 6701
Akademiese redaktrise: Elsabé Smuts — tel. 2039
Eeufeesredaktrise: Retha Coetzee — tel. 2071
Sosiale redaktrise: Retha le Roux — tel. 2119
Fotoredakteure: Wytze van Wyk de Vries — tel. 2019
Du Preez Martins —
Advertensiebestuurder: Johan Ligthelm — tel. 5553
Spotprenttekenaar: Lood Dercksen —
Sekr.-Penningmeester: Leon du Plessis — tel. 2030
Sirkulasiebestuurders:
Piet Strydom — tel. 2019
Piet Hattingh — tel. 2019
SPORTVERSLAGGEWERS:
Izak van Rensburg; Henk Coetzee; Chris Conradie; Hennie de Villiers; Piet Kruger; Pieter Oosthuizen; Ria de Klerk; Ben van der Walt.
AKADEMIESE VERSLAGGEWERS:
Erna Arnold; Rika van der Walt.
KUNSVERSLAGGEWERS:
Piet Fourie; Louise Heystek; Nicoléne Marais.
POLITIEKE VERSLAGGEWERS:
Douw Kruger; Zak Ferreira; Henri Murphy.
SOSIALE VERSLAGGEWERS:
Amalia du Plessis; Magriet de Lange; Hestrie Snyman; Marlene Lemmer; Gert Kruger; Dries Burger; Johan Yssel.



**SKOEN- EN FIETSREPARASIES**

★ EN FLINKE DIENS

★ VIR ALLE STUDENTE BENODIGDHEDE

**HUIS EN TUIN**

(Langs Volkskas op die Bult)

★ ALLE BATTERYE WORD OOK GETOETS


# Uit die Woord

## HOU WAT JY HET!

*2 Tim. 3 : 14: „Maar bly jy in wat jy geleer het en waarvan jy verseker is, omdat jy weet van wie jy dit geleer het . . ."*

*Paulus, in die gevangenis, wagtend vir die dood, skryf hier aan 'n jongman, Timotheus. Dit is 'n dringende brief. Paulus weet wat dit van 'n jongman — en laat ons toevoeg: 'n jong dame — verg om te midde van dwaalleer en verleiding staande te bly.*

*Daar is goddelose mense en bedrieërs wat voortgaan van kwaad tot erger, mense wat verlei en verlei word, wat afstorm op alles wat enigsins vas staan. En 'n jongmens wil mos soms maar toegee — dit het mode geword!*

*Paulus vermaan Timotheus, en met hom alle jongmense: Ons moet leer om die woord van mense, voorlopige nietige woorde, te onderskei van die vaste Woord van God. Ons mag nie alles wat ons van mense hoor — ook in die lesingsale — onkrities, ongemotiveerd aanneem nie.*

*Dit is 'n eis, want ons weet van Wie ons die Woord het: van God, die Getroue, wat sy beloftewoord waar maak; ten spyte van ons ontrou en dwaasheid bly Hy getrou. Sy Woord staan vas en is geanker in sy liefdestrou. Daarvan is die soendood van ons Here Jesus bewys; daarvan is die uitstorting van die Heilige Gees bewys, daarvan is ons lewe 'n bewys: God hou ons staande.*

*Bly jy dan in wat jy geleer het, van kleins af, en waarvan jy verseker is, deur doop en nagmaal, omdat jy weet (dit is nie onseker nie!) van wie jy dit geleer het . . .*

(J.A.K.).

# *Uit die* POSSAK

## RUGBYPROBLEME IN KOSHUISE

**GEAGTE REDAKTEUR. — Ek wonder hoeveel van die lesers nog die chaos onthou waarin die Puk se rugby verkeer het voor die instelling van koshuisliga. Die koshuisliga het nou die behoudende en stabiliserende element in rugby aan hierdie inrigting geword.**

Nou word dit egter afgebreek Spelers wat graag vir hul koshuise wil speel, word verplig om mee te ding om 'n plek in 'n span waar hulle nie wil speel nie en word dan met uitsetting uit die klub gedreig as hulle weier om daar te speel. Sodoende word die rugby-gees in die algemeen baie geskaad.

Daar het al gevalle voorgekom waar 'n speler op 'n Vrydagmiddag meegedeel is dat hy die Saterdag vir die derde span moet speel, nadat hy reeds gekies is om sy koshuis die volgende dag te verteenwoordig. Die keurders het mos die kans gehad om spelers uit te soek vir die P.U.-spanne gedurende die proefwedstryde wat spesiaal vir hierdie doel gereël is. Nou is spelers egter bevrees om hulle beste te lewer want keurders hou die wedstryde dop en na slegs een goeie beweging word hy beveel om by die derde span te gaan oefen, waar alreeds 'n horde spelers oefen. Dit bring mee dat baie spelers nooit 'n wedstryd speel nie, want solank as wat hulle verplig is om by die P.U.-spanne te oefen, mag hulle nie vir hul koshuise speel nie.

Ek wil dit duidelik stel dat spelers wel gewillig is om vir die Pukspanne te speel, maar nie solank as wat die huidige toestande voortduur nie, want dit ontneem 'n speler die plesier wat hy uit die spel kon put. — ONTEVREDE.

## Oosterhof soek na verlore verlede

Geagte Redakteur,

OOSTERHOF se dames vra grootasseblief dat die persoon of persone wat ons koshuisfoto's geneem het, (nou al maande gelede) dit asseblief moet terug besorg, of ons laat weet waar dit is sodat ons dit self kan kom haal.

Aangesien die foto's deur die jare versamel is, en onvervangbaar is, word groot waarde daaraan geheg.

Miskien kan die betrokke koshuis (ons het 'n sterk vermoede dis die mans) dan ook sommer die muurbehangsels van ons portale aan ons terug besorg. Die behangsels vermis ons al van die vorige intervarsity af. Groot ,seblief?!

Oosterhof-dames.


Vir al u

★ APTEKERS- en

★ FOTOGRAFIESE

★ BENODIGDHEDE

Besoek:

**APTEKERS J. P. VAN DER WALT**

(EDMS.) BPK.

**Kerkstraat 118**

**POTCHEFSTROOM**

**Telefoon 3237**

## STUDENTESENTRUM:

# Rekordbedrag met karnaval ingesamel

**NOG NOOIT sedert die instelling van Karnaval het die geleentheid sulke groot en winsgewende hoogtes bereik as vanjaar nie.**

Die karnavalkonsert, wat verlede jaar 'n mislukking was, het vanjaar 'n wins van nagenoeg R100 opgelewer en het groot byval gevind.

Die totale omset van die stalletjies was nagenoeg R600, wat R300 wins beteken vir die studentesentrumfonds, volgens mnr. Kobus du Plessis, die Karnavalvoorsitter.

Die straatkollekte wat ook ter stywing van die studentesentrumfonds was, het nagenoeg R450 opgelewer.

In 'n onderhoud met mnr. Kobus du Plessis, het hy gesê dat daar 500 kollektelyste uitgegee is. Ofskoon almal nog nie terug ontvang is nie, is daar uit hierdie bron alleen sowat R1500 ingesamel — 'n verdere stywing van die studentesentrumfonds.

Uit die 10,000 dagvaardings wat uitgereik is (elkeen ter waarde van R3.00) is daar tot op datum nagenoeg R1000 ingevorder. Die oorgrote hoeveelheid van die dagvaardigings is egter nog nie terug ontvang nie.

Een van die „goudmyntjies" tydens die Karnaval was sekerlik die „Hof van Ongeregtigheid". Die rektor, prof. W. N. Coetzee en ander professore, wat hulle skuldig gemaak het aan sosiale ongeregtighede in die studentegemeenskap, het die „doodstraf" op 'n nippertjie na met boetes wisselend van R3 tot R11, vrygespring.

Met al die winste wat uit die verskillende karnavalaktiwiteite gemaak is, word gehoop om verlede jaar se studentebydrae van R5000 vir die studentesentrum, te oorskry. Mnr. Du Plessis kon egter nog nie 'n beraming maak van die totale wins van vanjaar nie en het daarop gewys dat alle bydraes nog nie ontvang is nie.

Aan die begin van Januarie het die Studentesetrumfonds op R21,000 gestaan. Die koste verbonde aan die oprigting van die studentesentrum word op R850,000 beraam. Die sentrum word hopelik in 1971 in gebruik geneem.

## Na Tsjeggo-Slowakye



MNR. A. J. REINECKE

MNR. A. J. REINECKE, dosent in dierkunde aan die P.U., het onlangs na Tseggo-Slowakye vertrek waar hy op uitnodiging die eerste internasionale kongres oor erdwurms bywoon. Hy sal ook 'n referaat lewer. Die kongres sou reeds verlede September plaasgevind het, maar is uitgestel vanweë die Russiese inval in Tseggo-Slowakye. Die kongres handel oor die taksomie en ekologie van erdwurms en word gehou by die Landbou-universiteit van Nitra.

# LIBERALIA VIER VYFJARIGE ONAFHANKLIKHEID

**OP SATERDAG 21 Junie 1969, het Dawie du Plessishuis-Noord, beter bekend as Liberalia, hul vyfde jaar van onafhanklikheid gevier. Die koshuis het reeds op 11 Maart 1964 onafhanklik geword. Sedert onafhanklikheidswording is bewys dat die „agitasie om onafhanklikheid" geregverdig was.**

„Die doel met die L-dag was om almal daarby te betrek. Dit het inwoners, oud-inwoners, huisvaders, oud-huisvaders, ander personeel en eintlik al wat Puk is, ingesluit. Die program was soos volg:

Om half-nege die oggend was daar 'n rugbywedstryd tussen Liberalia B en Makouvlei B. Direk hierna het die „Swartspan" van Liberalia teen Hombré gespeel. Albei hierdie wedstryde het deel van die koshuisliga gevorm.

Twee-uur die middag was daar 'n optog deur die inwoners van Liberalia om en deur die kampus. 'n Orkes het die voorpunt gevorm.

Om 2.45 nm. was daar 'n toutrekkompetisie tussen die spanne van die verskillende manskoshuise. Die eerste prys verbonde aan die kompetisie was „iets" ter waarde van R10.

Hierna volg iets waaraan almal kon deelneem — 'n skattejag. Deelnemers moes sekere leidrade vind, en die persoon wat eerste met al die leidrade by die eindpunt aangekom het, het die aantreklike prys gewen. Die skattejag het by Liberalia begin, verder oor die hele Bult plaas gevind en weer by Liberalia geëindig.

Die hoogtepunt was 'n kaas-en-wynpartytjie by die Dam. Dit was heel aangenaam en opwindend. Alle huisvaders wat ooit in beheer van Liberalia was, die Rektor, inwoners en oud-inwoners was na die partytjie uitgenooi.

„Vleispasteitjies met tamatiesous, asseblief . . ."

Turkstra BAKKERY

ook te kry by u kafeteria

## Toernooi in Durban

Die volgende spelers verteenwoordig Wes-Transvaal op die Suid-Afrikaanse junior tennistoernooi in Durban: Heloïse Burger en Pikkewyn Malan.

# *Perdeby-redakteur afgedank*

**MNR. EUGENE Berg, huidige voorsitter van die Afrikaanse Studente-persunie, is verlede maand deur die Studenteraad van U.P. as hoofredakteur van „Die Perdeby" afgedank.**

Die S.R. voer aan dat mnr. Berg nie aan die primêre vereistes van 'n hoofredakteur voldoen het nie. Daar moes ter elfder ure ingegryp word om te verhoed dat artikels van Barry Botha en André P. Brink geplaas word. Die bedrag geld wat begroot is vir 22 uitgawes was ook reeds na die elfde uitgawe opgebruik.

Die S.R. meen ook dat die aangeleentheid oor die sogenaamde Boukundebokjol verkeerd hanteer is. Na die bokjol het mnr. Berg 'n naamlose brief geplaas van 'n student wat kapsie aangeteken het teen die wangedrag van studente en teen die drank wat so vrylik sou gevloei het.

Mnr. Berg het in antwoord op die klagtes van die S.R. gesê dat 'n demper geplaas is op enige dialoog op die kampus deurdat hy verbied is om die betrokke artikels te plaas.

Die nuwe hoofredakteur is mnr. Schalk le Roux, voorheen nuusredakteur van Die Perdeby.

## Regsdekaan ondersoek Scientologie

PROF. H. L. SWANEPOEL, dekaan van die fakulteit regte aan die P.U., is lid van die kommissie van ondersoek na die bedrywighede van die Sciëntologie-beweging. Die kommissie is onlangs deur die Regering aangestel en opspraakwekkende getuienisse is reeds aangehoor.

## Dampieshal bly lekker

Voor 1905 bewoon die studente 2 woonhuise by gebrek aan 'n koshuis. Dampieshal, die huisie net suid van Heidema, word 'n „oond" genoem, terwyl Treurspelhal meer na 'n „cycleshop" lyk as na 'n huis.

S.A.S.

SAL SUID-AFRIKAANSE LUGDIENS

Die Suid-Afrikaanse Spoorweë en die Suid-Afrikaanse Lugdiens bied die volgende aantreklike loopbane aan manlike gegradueerdes:

ASSISTENT-INGENIEUR

Salarisskaal: R3,000 x 300 — R5,100 per jaar

| Indien in besit van: | Aanvangsalaris |
|---|---|
| B.Sc. Ing. | R3,000 per jaar |
| B.Sc. B.Ing. of M.Sc. Ing. | R3,300 per jaar |
| M.Ing., Ph.D. of D.Sc. | R3,600 per jaar |

LANDMETER

Salarisskaal: R2,850 x 150 — 3,000 x 300 — 5,400 per jaar

| Indien in besit van: | Aanvangsalaris |
|---|---|
| Graad of Diploma in Landmeetkunde en Sertifikaat om in die Republiek te praktiseer | R3,600 per jaar |

KLERK, GRAAD II

Salarisskaal: R1,050 x 150 — 1,350 — 1575 x 150 — 2,025 — 2,325 — 2,474 — 2,700 per jaar

| Indien in besit van: | Aanvangsalaris |
|---|---|
| St. X-sertifikaat | R1,200 per jaar |
| Baccalaureusgraad wat 'n minimum studietyd van 3 jaar vereis | R2,025 per jaar |
| Honneursgraad (of 'n gesertifiseerde verklaring dat die teoretiese deel van 'n M-graad voltooi is) of 'n baccalaureusgraad met 'n minimum studietyd van 4 jaar | R2,325 per jaar |
| Magistergraad | R2,475 per jaar |
| Doktorsgraad | R2,700 per jaar |

Nadere besonderhede kan verkry word van:

Die Hoofbestuurder,
Kamer 1219,
Spoorweghoofkantoor,
JOHANNESBURG.

# Gesellige toer met eensame man

**'N DUBBELE MOORD. Agterdog. Vrees. 'n Man se senuwees word tot breekpunt gespan: sy vrou verdwyn, keer terug — maar daardie vrou is nie sy vrou nie! Tog weet sy alles van sy verlede af. Onverklaarbare wendinge hou die gehoor in spanning . . . en dan: die skok van die ontknoping.**

Met die stuk, lokval vir 'n eensame man, van Robert Thomas bewys Thalia weer eens dat hulle „professionele amateurs" is. Thalia het nog altyd sonder ophef groot dinge gedoen en hulle bewys 'n onskatbare diens aan ons amateurteater met die toneeltoere wat hulle onderneem.

Die lig wat aand na aand in die hoofgebousaal gebrand het, beteken gewoonlik net een ding: Thalia is besig om te repeteer. Van vroeg in die eerste kwartaal reeds, en nog steeds — tien ure elke week!



Agter die sukses van die opvoerings staan die regisseuse, Elize Scheepers en 'n klompie studente wat met 'n leë verhoog en 'n manuskrip begin het. Die regisseuse verdien 'n spesiale lourierkrans. Sý was die een wat elke vry oomblik ingespan het, die décor ontwerp het, en aand na aand daar was om te sê: „Nee, nie só nie."

Elkeen van die spelers se rol pas soos 'n handskoen, en ondanks die feit dat hulle geen vorige toneelopleiding gehad het nie, verdien hulle slegs die hoogste lof vir hul optrede.

En die getimmer die afgelope tyd in die Totiussaal? Thalia — toerlede het dié keer self ingespring en die décor eiehandig gebou. Die gesamentlike poging van die studente gee vir ons al die glans en kleur, die romantiek en harde werk van teater in sy volste sin.

Die toergroep, bestaande uit 32 lede, is vuur en vlam vir die toer deur Noord-Transvaal. Toerleier Kobus du Plessis sê: „Ons gaan nie net hard werk nie, maar ewe hard ontspan."

„Lokval vir 'n eensame man" word op die 2de Augustus in die Totiussaal opgevoer. Hierdie opvoering word aan die Rektor, prof. H. J. J. Bingle en mev. Bingle opgedra.

Daar lê vir die dorp 27 opvoerings voor — plek-plek selfs twee per dag. Daar is ook uitstappies op die dorpe gereël en onthale deur burgemeesters. Die groep sal ook 'n besoek bring aan die Krugerwildtuin en Turfloop. „Die hoofsaak bly egter die opvoerings en die ambassadeurskap vir die Universiteit", het mnr. Du Plessis aan die Die Wapad gesê.



*„U kan my sekerlik glo . . ." lyk dit asof die boemelaar (Solly Thomas) in Thalia se toerstuk, Lokval vir 'n Eensame Man, sê aan die vrou (Sandra Ferreira), terwyl Faan Gouws, wat die rol van die man speel, onthuts luister.*

*(Foto: Fotokuns).*



*Die toneel — 'n plaashuis naby Chamonix (Frankryk). Die mense — (van links) die vrou (Sandra Ferreira), die polisie-kommissaris (Folkert van Graan) en die man (Faan Gouws). Die geleentheid? Thalia se toerstuk, Lokval vir 'n eensame man van Robert Thomas.*

*(Foto's: Fotokuns).*

Krieket, sokker en tennis is die eerste georganiseerde sport wat op die Puk beoefen is, terwyl die eerste rugbyklub eers in 1906 gestig is, naamlik die „Rugby Football Club".

# KUNS-KULTUUR FLOREER WEER IN A.S.B.

**DIE A.S.B. bied vanjaar op 3 Julie 'n feeskonsert in Pretoria aan. Johan van der Merwe, 'n tweedejaar B.Mus.-student, sal die Puk by hierdie geleentheid verteenwoordig. Johan het vanjaar op die Kunswedstryd van die Potchefstroomse Kultuurvereniging uitstekende kritiek gekry vir 'n impressionistiese komposisie van sy eie.**

Die A.S.B. beplan vir 1970 'n volle kunsfees wat beloof om 'n groot geleentheid te wees. 'n Hele reeks konserte en uitdunne word beoog. Dit sal afgewissel word met praktiese klasse in verskillende vorme van handwerk. Die A.S.B. maak gereed vir ongeveer duisend studente vanoor die hele land by die feesweek wat in April 1970 in die Transvaalse hoofstad gehou sal word.

'n Groot aantal kursusse word aangebied en sluit in: motorherstelwerk, joernalistiek, batikwerk, mannekynkuns, pottebakkery, grimering, fotografie ens.

**Wen R15**

Daar word egter nog na 'n naam vir hierdie geleentheid gesoek. Studente wat aan 'n prikkelende kort naam kan dink, kan maklik R15 ryker word.

Inskrywings moet voor 30 Junie gestuur word aan mnr. Jan-At Kruger, Saamwoon 26, Molenstraat 89, Potchefstroom.

# „PLAYREADING" UITSTEKEND

**'N VERENIGING wat al meer aandag trek, is die Playreading Society, met Stephen Finn as voorsitter. Van die begin van die jaar af het hulle al vir verskeie genotvolle spelleesaande gesorg.**

Verlede Dinsdagaand het hulle weer met 'n puik voorlesing van Engelse gedigte verras. Van die bekendste gedigte in die Engelse letterkunde is voorgelees, en daar is veral op oorlogsverse gekonsentreer.

Gavin Webster het vir die agtergrondmusiek gesorg, wat op verskeie plekke uitstekend met die voorlesings gekombineer is.

Uittreksels uit dramas, onder andere Twelfth Night, is ook opgevoer. Die studente het aansienlike moeite gedoen om nie net die dramas voor te lees nie, maar dit ook aanskoulik voor te stel. 'n Uittreksel uit Pygmalion het beslis baie in die gehoor se smaak geval en is 'n prestasie vir die studente wat hulself afgerig het.

Tot die misnoeë van die ouhere word ontgroening in 1907 afgeskaf. Die gevolg: „'n snuiter wat nog nat agter die oore is, kan sommer vroeg syn smoel oopmaak as hy tussen die gesoutes kom".

## ALABAMA-TOER

MET een plaat en baie oefening op hul kerfstok, is Alabama feitlik gereed om op 1 Julie met 'n uitstekende Revue '69 na die Vrystaat, Oos-Kaap, 'n deel van die Tuinroete, en terug deur die Karoo en Wes-Transvaal te vertrek. In Augustus sal ons ook heelwat van hulle in die Totiussaal te sien kan kry.

Fanus Rautenbach en David Matheson is verantwoordelik vir die humor, Bill Nixon vir die revolusionêre dekor en Johan van Rensburg, Abri le Roux en 'n aantal talentvolle Pukke vir die uitmuntende res.

Die stereofoniese langspeelplaat van Alabama, „Revue '69 Deel I" is by die S.R.-kantoor beskikbaar teen 25c goedkoper as gewoonlik, en 'n tweede plaat vanjaar word in die vooruitsig gestel.

# *Alabama-virtuose*



*(Foto: Fotokuns).*

*Abri le Roux en Johan van Rensburg beskou met genoegdoening die produk van hul arbeid met Revue '69.*

## Navorsing

PROF. J. S. DU PLESSIS, hoof van die departement geskiedenis aan die P.U., is tans in Brittanje besig met navorsing in die geskiedenis van Afrika. Prof. Du Plessis, wat in April na Europa vertrek het, betree hiermee 'n terrein waaraan in Suid-Afrika nog weinig gedoen is. Sy hoofoogmerk tydens hierdie studiebesoek is om vas te stel wat die stand van navorsing oor Afrika-geskiedenis in Europa is. Voor sy terugkeer na Suid-Afrika in Desember sal prof. Du Plessis verskillende ander Wes-Europese lande aandoen.

Mnr. G. N. van den Bergh neem waar as hoof van die departement geskiedenis, terwyl mev. J. R. Ingram as dosente in prof. Du Plessis se plek optree. Mev. Ingram sal ook vanaf Oktober en in 1970 in die departement waarneem tydens die afwesigheid van 'n ander personeellid oorsee, mnr. P. de Klerk.


Cachet Modes

(EDMS.) BPK.

Tomstraat 92 — Telefoon 5032 — Potchefstroom



Die winkel
waar die
kieskeurige
dame koop

# SPYKERBANKKANTATE

DEUR DRUKSPYKER

AS 'n mens die oog so laat gaan, lyk dit asof daar 'n eersteklas koors op die Puk uitgebreek het wat sommer 'n aansienlike aantal slagoffers afgemaai het. Wat sal ons dit noem? Troukoors! Die aantal verlowings wat hier in ons midde bekend gemaak is, is menigvuldig. Loer maar bietjie daar na Oosterhof: **Elize van der Walt** en **Petrie Schutte** het die groot stap sommer op dié nooientjie se een-en-twintigste verjaarsdag geneem, en dan is daar nog **Julie Meyer** en haar polisieman **Louis**, en **Leonora Heiberg** en haar **Jean du Plessis**, wat ook die blinkklippie-aan-'n-goue-bandjie gesoek en gevind het.

Praat van blink klip:— **Anette Hamman** het sommer 'n treffer aan die ringvinger vandat **Klasie Havenga** haar „top-of-the-pops" geword het.

'n Dametjie wat ons seker al baie kwalik neem omdat ons haar so lank vergeet het, is **Winnie de Vos**. Die kys met oud-Puk **Jan Venter** was nie om dowe neute nie, en ook daar zijn de helden gevallen.

Dis 'n onbegonne taak om die toekoms te voorspel, maar soms wonder 'n mens wat dáár weggesteek lê vir die oulike **Myra Heiberg** wat na agt maande nog steeds so gelukkig lyk saam met haar **Gawie Yssel**. En sy is nie die enigste nie, want **Sarie Swart** en haar **Piet Botha** van Pretoria byt nog steeds vas. En ai, dié **Anna van der Vyver** se oë straal vandat die bande met **Kobus Venter** van Kovsies weer hernu is. **Tom Larney** en **Ment Wieringa** het ook al 'n instelling geword in ons geledere.

Die Pukke het soos 'n klein sonnetjie geword wat sy strale na alle oorde versprei — kyk hoe straal **Judicka van Huysteen** se oë as sy dink aan **Basie** daar ver, en **Luis Rautenbach** se gedagtes is seker ook meer as dikwels daar op Brandfort by haar **Hans Roodt**. **Emmie Snyman** se hart trek na Pretoria noudat **Hannes** weer hare is.

Oosterhof se kys met **Heimat** was blykbaar nie sonder gevolge nie, want dit gaan nou baie goed met **Judy Grieshaber** en **Casper Kruger**.

Al is die karnaval al iets van die verlede, het hy nog sy nadraai op die gebied van sleep-aksies. Ons sien **Elsa Venter** en **Doeke Tromp** mos al te dikwels saam in die bib. Ook met **Fransie van Staden** en haar **Coen** gaan dit nog goed, selfs al hou Alabama Fransie so besig!

Twee Windhoekers wat blykbaar nog beminlike gevoelens vir mekaar koester, is **Marianne Burger** en **Hannes Verwey**. Soms weet ons nie mooi of dit nou Hannes of Coenie is nie, maar sy sal wel weet! Dit lyk asof **Johan van Rooyen** nou begin opheffingswerk doen daar by Kulu, en dit deur niemand anders nie as **Elna Wessels**.

Dan het die tyd ryp geword dat **Petro Harmse** en **Basjan** ook hul plekkie hier moet kry, en dan is **Johanna Bouwer** die ene opgewondenheid nadat **Eben** van Kovsieland die naweek sy opwagting in Pukkieland gemaak het. **Helena Deysel** en **Nico Grobler** ry nou weer saam op die motorfiets, en as ons mooi luister, sal ons hoor dat **Judith Roussouw** en **Hennie Hattingh** 'n tokkelliedjie speel op 'n tokkelokke wysie.

**Amanda Els** kan net nie wag dat dit weer vakansie moet word nie... Sy het genesingswerk wat sy elke vakansie aan 'n boertjie daar in Wolmaransstad se kontrei moet gaan doen... gelukkige man die **Corrie van der Walt**..?

Ja, **Johan van der Walt** sê dat daar nie een meisie op hierdie Puk is met sulke lieflike blou poele-oë, soos **Elize Schultz** nie. Dit maak 'n ou se hart sommer so wéék. Ek hoop dit bly net by Johan se hart!

Noem dit 'n basaar, kermis, karnaval... net soos julle wil, maar daar is mense wat meen dat daarmee niks verkeerd was nie, sáám met **Eunice Fourie** en **Sampie** aan dié wonder gebou. Uit die bouwerk van **Elke Behr** en **Kasper du Buisson** het nie 'n Gotiese tempel ontstaan nie, maar... Jackie met 'n heerlike sagte sitplek wat meer as een vrou haar beny.

**Marianne Burger** sleep met **Coen** of **Hannes Verwey** maar sy verseker ons dat dit wél **Hannes** is. Ek stry nie, sy sal seker weet.

Twee mense wat ook nou weer baie in mekaar se geselskap gesien word, is **Bertie Fourie** en **Sandra van Aswegen**; „Ou liefde roes nooit", lui die spreekwoord. **Suzette Venter** en **Hennie de Villiers** word ook baie bymekaar gesien, en met **Koos Malan** en **Ansphi Barnes** gaan dit sommer goed.

En nou dat ons ampertjies moet sê fluit-fluit my storie is uit, dink ons net gou aan twee kamermaats van Klawerhof: **Irene Harmse** en **Martie le Roux** se hartjies klop nog vir **Koos du Toit** en **Charles Simpson**.

# Uitslae: P.U. Gholf-kampioenskap

DIE UITSLAE van die P.U.-gholfkampioenskappe is soos volg:

Die A-afdeling is gewen deur Robert Schoeman met die pragtelling van 73. Hy word dan ook die nuwe klubkampioen en wen die Ou Mutual-wisseltrofee. Anton Dreyer was tweede.

Die B-afdeling is gewen deur Pieter Swartz wat die Emil du Toit-wisseltrofee ontvang. Neil Cawood was tweede.

Die C-afdeling is gewen deur Willie Burger wat die Kowie van Wyk-wisseltrofee ontvang. Die tweede plek is verower deur Emil du Toit.

Die wenner van die D-afdeling is Hugo Lombard wat ook 'n Kowie van Wyk-wisseltrofee ontvang. Die tweede plek is ingeneem deur Piet Scholtz.

Alhoewel die kampioenskap in ongure weer beslis is, was die belangstelling besonder goed en beloof dit om 'n goeie jaar vir die gholfklub te wees.

# DIEPRAAM SE AFRIGTING HET VRUGTE

**DIE PUK-TENNIS toon 'n sprankelende oplewing en dit is bes moontlik te danke aan die gereelde oefening onder die kennersoog van oud-Springbok, Keith Diepraam. Met nuwelinge Heloïse Burger en Johan Malan aan die voorpunt is die Puk se tennisspelers besig om tennis in Wes-Transvaal heeltemal te oorheers.**

Danksy die medewerking van die Sportinstituut kom mnr. Diepraam elke Woensdag van Johannesburg af om die afrigting van 'n klompie uitgesoekte spelers waar te neem. Dié spelers kry individuele aandag, maar word ook deur mnr. Diepraam dopgehou tydens die spanoefeninge.

'n Hele aantal harde wedstryde word vir die res van die jaar in die vooruitsig gestel. Dit, sowel as die toer deur Oos-Transvaal gedurende die Julievakansie, kan gesien word as waardevolle voorbereiding vir die inter-universitêre toernooi wat aan die einde van die jaar in Potchefstroom gehou gaan word. Daar word verwag dat veral die dames vanjaar uitstekend kan vaar op dié toernooi.

# TRAGEDIE


Wimpie de Klerk (na „Liedjies" op pad terug van N'Kulu): „Dis nou die tragedie van studentelewe, om uitmekaar te gaan en te moet gaan werk". — (Die Wapad 1948).

# Pukke verloor tafeltennis

**DIE AFGELOPE week het die tafeltennisklub se B-span teen Anglican A verloor. Die puntetelling was 7—13. In 'n ander ligawedstryd het die eerste span teen Maraisburg A verloor met 'n puntetelling van 8—2. Ben Schutte en Piet van der Walt het gesorg vir die Puk se punte. Kompetisie was straf en die Pukke kon net nie die mas opkom nie.**

**Op die oomblik oefen almal hard vir die inter-universitêre byeenkoms wat in Pietermaritzburg gehou sal word gedurende die eerste week van die Julie-vakansie.**

GEE 'N MAN 'N LUCKY!




VERVAARDIG IN SUID-AFRIKA EN RHODESIË

# Dorp tans die gunsteling 'n Koshuisliga

**HEELWAT TOESKOUERS woon deesdae, in teenstelling met verlede jaar, die koshuis-rugbyligawedstryde op Saterdae by en die spanning tussen koshuise loop hoog.**

Die wedstryde van 14 Junie het soos volg verloop: Over de Voor A het, met Daan Kock en Johan Kruger as goed kombinerende skakelpaar, asook 'n swaar pak voorspelers, maklik die mas opgekom in die wedstryd teen Kompleks. Van Rooy se blitsige haakvoet het daarvoor gesorg dat Over de Voor die skrums oorheers het. Hiervan het die agterlyn goed gebruik gemaak



*Nie in die Middeleeue nie, maar die herlewing van die skermklub op die Puk. „Veglustiges" oefen op Dinsdag- en Donderdagaande in die Hoofgebousaal.*
*(Foto: Du Preez Martins)*

en drie drieë is deur Johan Kruger, Johan Swanepoel en Kleinboet van Eeden gedruk. Van Eeden het ook een drie vervyf.

Kompleks het 'n doel aangeteken en Doeps de Bruin het goed onder druk vertoon.

In die wedstryd tussen Drakenstein A en Izak Meyer, het Drakenstein 'n maklike taak gehad en met 27—0 gewen. Punte is aangeteken deur Koos Coetzer, Piet Roodt, Dirk Brink en Mike Zondach. Koos Coetzer en Jan Pienaar het goeie spel gelewer.

In 'n baie harde en taai wedstryd tussen Liberalia A en Dorp A, het Dorp daarin geslaag om Liberalia met hangende ore van die veld te laat stap. Die eindtelling was 8—3 in Dorp se guns, en so doende het Dorp die huidige gunsteling geword om die beker te wen.

Makouvlei het Landboukollege maklik gewen met die reusetelling van 49—0. Hombré het teen Here XVII te staan gekom en 15—12 gewen.

Nadat Over de Voor B die afgelope tyd gesukkel het om op dreef te kom, het hulle daarin geslaag om Liberalia vir die tweede keer hierdie seisoen onder die stof te loop. Drieë is aangeteken deur Francois Lubbe en Kerneels van Niekerk. Bertus Prinsloo het een drie vervyf. Die eindtelling was 8—0.

Alhoewel Drakenstein se B-span gebiedsvoordeel geniet het, kon hulle nie maklik punte aanteken nie, maar hulle het tog die wedstryd teen Kompleks B met 5—0 gewen. Gert de Beer het op vleuel vir Drakenstein aangeval. Johan Fourie het vervyf.

Die puntstand van spanne in die twee ligas is soos volg:

Puntestand van deelnemers aan koshuisligarugby, soos vir die week geëindig op 21 Junie.

**A Liga:**

| | G | W | V | E | V | T | P |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Over de Voor | 6 | 4 | 1 | 1 | 62 | 47 | 9 |
| Liberalia | 6 | 3 | 1 | 2 | 62 | 36 | 8 |
| Dorp | 5 | 3 | 1 | 1 | 50 | 31 | 7 |
| Drakenstein | 5 | 3 | 1 | 1 | 48 | 38 | 7 |
| Kompleks | 5 | 1 | 2 | 2 | 43 | 37 | 4 |
| Makouvlei | 6 | — | 4 | 2 | 22 | 42 | 2 |
| Hombré | 5 | — | 4 | 1 | 28 | 61 | 1 |

**B Liga:**

| | G | W | V | E | V | T | P |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Dorp | 8 | 5 | 2 | 1 | 114 | 50 | 11 |
| Drakenstein | 6 | 4 | 1 | 1 | 53 | 31 | 9 |
| Over de Voor | 8 | 4 | 3 | 1 | 62 | 51 | 9 |
| Kompleks | 8 | 3 | 5 | — | 60 | 72 | 6 |
| Liberalia | 8 | 2 | 5 | 1 | 25 | 72 | 5 |
| Makouvlei | 8 | 2 | 5 | 1 | 33 | 85 | 5 |


**GOEIE KOS!**
**FLINKE DIENS!**
**u tevredenheid is ons PLESIER!**

**BAILIEPARK PADKAFEE**

**(Langs die Johannesburg-pad geleë).**

Ons onderneem ook bestellings aan koshuise tot baie laat in die nag.

**Tel. 6670**





**U kan gerus u bande versool by . . .**

**GOLDEN WEST RETREADERS**



**'N VOLLEDIGE BANDEDIENS ONDER EEN DAK**

**Groot voorraad**

**★ NUWE en VERSOOLDE bande**

**Versoling nou ook verkrygbaar in die**

**★ GOODYEAR G 800 loopvlak**

**LOMBARDSTRAAT 37 — POTCHEFSTROOM**

**(Skakel 3297 vir betroubare diens en laagste pryse)**




*Die P.U.-stoeispan na die S.A.U.-kampioenskappe wat gedurende die vakansie in Stellenbosch gehou sal word. Agter (v.l.n.r.): P. Lombaard, P. Pretorius, J. Preller, B. van der Walt. Voor: G. Ehlers, E. Bruére, J. Engelbrecht, B. van Zyl.*

## Suidwes-Afrika

DIT HET al gebruik geword dat die P.U.-rugbyspan gaan toer. Dié jaar is ook nie 'n uitsondering nie en in die Julievakansie gaan 'n P. U.-rugbyspan na Suidwes-Afrika.

Die span gaan ses wedstryde speel en reis per trein. S.W.A. is die keer gekies omdat daar so baie studente van S.W.A. kom, en dat 'n hele paar Suidwesters die toer sal meemaak.

Die toerspan sal uit 20 spelers bestaan.

Die reisprogram is soos volg: 7 Julie vs. Keetmanshoop; 9 Julie vs. Walvisbaai; 12 Julie vs. Windhoek; 14 Julie vs. Otjiwarongo; 19 Julie vs. Windhoek; en 16 Julie vs. Tsumeb.

Die spelers is: P. Bruwer; I. Joubert; T. Coetzee; F. van Vuuren; A. du Plooy (kaptein); R. Giesing; H. Coetzee; C. Venter; P. Roodt; D. Ungerer; Hennie Coetzee; Kobus Kotze; F. Postma; F. van Aswegen; P. Brand; D. van Aswegen; S. Willemse; C. Marx; B. Reinardt; en B. Bernardo.

# VERTREK BINNEKORT OORSEE



*Agter (v.l.n.r.): Fanie van Zyl, Klasie Brummer, Willie van der Westhuizen, George Müldner, Pypies Loubser. Voor: Cecile Malan (afrigster), Willie Coetzee (kapt.), Gert Scholtz (bestuurder), Bea Marais.*

## P.U.-ATLETE NEEM AFSKEID

**OP DONDERDAGAAND 12 Junie is daar by die dam 'n afskeidsete gehou vir die P.U.-atletiekspan wat binnekort oorsee vertrek. Die Rektor en Raad, die hoofbestuur van die atletiekklub, asook atlete van die klub was teenwoordig.**

By hierdie geleentheid is die span, bestaande uit Bea Marais, Willie Coetzee, Fanie van Zijl, Willie van der Westhuizen, Klasie Brummer, Pypies Loubser en George Müldner in hul spandrag aan die aanwesiges voorgestel. Die Rektor het aan elk 'n tjek van R30 oorhandig.

Mnr. G. J. Scholtz, bestuurder van die span, het verslag gelewer oor die insameling van die fondse vir die oorsese toer, en sy dank uitgespreek vir die hulp van die studentemassa met die verkoop van die atletiek-gedenkalbum. Die R500 wat nog kortkom, word deur die Universiteit geborg, Mnr. Piet Malan, direkteur van die Sportinstituut, het die span ook alles van die beste toegewens.

Willie Coetzee het reeds Saterdag per vliegtuig na Engeland vertrek, waar hy aan drie byeenkomste gaan deelneem. Die res van die span het hom op Jan Smuts-lughawe gaan afsien. Op 30 Junie sal Willie weer in Frankryk by hulle aansluit.

Die toer begin in Wes-Duitsland, waar die atlete op die nuwe tartanbaan sal meeding, en eindig in Londen, waar hulle aan die Britse Kampioenskappe sal deelneem.

*DIE WAPAD word gedruk vir die eienaars en uitgewers, die Studenteraad van die P.U. vir C.H.O., deur die Potchefstroom Herald (Edms.) Bpk., Olënlaan 11, Potchefstroom. Tel. 3245.*


**JOUBERT MEUBELS**

**Kerkstraat 201, Tel. 3420 POTCHEFSTROOM**

●

Vir

**MODERNE MEUBELS**

en alle

**HUISHOUDELIKE TOERUSTING**

●

Ons spesialiseer in die verskaffing van

**Jongste Plaat-opnames**

*Kom besigtig ons groot reeks*


OUD-STUDENTE
HUIDIGE STUDENTE
OUERS VAN HUIDIGE EN OUD-STUDENTE

**DIE EEUFEESKOMMISSIE**
van die
**Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys**
en die
**Teologiese Skool van die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika**
nooi u hiermee vriendelik uit na
**DIE HOOGTEPUNT VAN DIE EEUFEESVIERING**
te Potchefstroom
op 3, 4 en 5 Oktober 1969